# Bybelse Gebede

## Deel 1 – Jabes se Gebed

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ŉ sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe dink jy op die oomblik oor gebed? Voel dit soos moeite? Kom dit maklik? Hoe lyk jou gebedslewe tans?**

**Hoe het jy oor en van gebed geleer? Het jy 'n mentor gehad of 'n boek gelees of 'n kursus gedoen? Wat is een groot les wat jy geleer het?**

**Wat dink jy is die invloed van 'n lewe sonder 'n gesonde gebedslewe? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Efesiërs 1:18-21. Watter krag is aan die werk binne gelowiges?**

**Wat dink jy kan die waarde wees indien gelowiges wel besef waarvoor Paulus in vers 18-19 bid?**

**Efesiërs 3:14-21. Hoekom dink jy is Paulus se gebed dat gelowiges die omvang van God se liefde ken? Wat kan die uitwerking in hulle lewe wees?**

**Watter uitwerking dink jy het dit as gelowiges werklik besef dat God oneindig meer kan doen as wat ons kan bid?**

**Wat is dinge waaroor jy droom vir God se koninkryk of vir jou lewe? Dinge wat groter is as jou vermoëns? Wat kan die uitwerking wees indien God *oneindig meer* doen as dit waaroor jy droom of bid?**

**Wat het vir jou uitgestaan van die preek? Wat is een ding wat jy wil begin doen na aanleiding van die preek?**

**Hoe kan julle as kleingroep die 4 elemente van Jabes se gebed – *1) Bid vir seën; 2) Bid vir invloed; 3) Bid vir God se teenwoordigheid en krag; en 4) Bid vir Beskerming* – toepas en bid oor julle kleingroep en oor julle as individue in julle groep?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**